REDAKSIONEEL

1. Skrif en Kerk verbly hom daaroor dat daar die afgelope jaar nie minder as elf studente van ons fakulteit gepromoveer het nie. Ons gaan van tyd tot tyd aan sommige van diegene wie se studies met sukses bekroon is, geleentheid gee om langs hierdie weg hulle proefskrifte aan ons bekend te stel. Dr H S Grobler vat die resultate waartoe hy in sy dissertasi gekom het kort= liks saam. Dr Cilliers Breytenbach, 'n oud-student waarop ons baie trots is en wat onder leiding van prof dr F Hahn van München gepromoveer het, lewer ook 'n bydrae.

   Skrif en Kerk het die afgelope vyf jaar sy eerste wankelende treë gewaag. Vanaf volgende jaar word dit egter amptelik as tydskrif uitgegee. Ons doen 'n vriendelike beroep op u dat u positief sal reageer op die uitgewers se versoek tot intekening.

2. Personalia

   Ons dekaan prof J A Heyns se termyn loop in Oktober ten einde. Hy verdien dank vir die bekwame en vir die entoesiastiese wyse waarop hy die dekanaat behartig het. Ons wens hom 'n vrugbare 'rus' toe.

   Aan die aangewese dekaan, Prof A B du Toit wie se termyn op 10 Oktober 'n aanvang neem, wens ons sterkte toe.

W.S.P.